## 15 Mei — Psalm 1 (Kol 2:7a)

### *In Christus gewortel*

Ons "verbondenheid met Christus" is soos 'n boom met 'n sterk wortelstelsel. Meermale vergelyk die Bybel die gelowige mens se lewe met 'n boom (onder andere Psalm 1:3).

Hoe meer ons met Christus wandel, hoe meer ons in verbondenheid met Hom lewe, des te meer sal ons lewe soos 'n boom wees met 'n goeie wortelstelsel. Die wortels van 'n boom anker hom stewig vas. As hy diep gewortel is kan hy winde van orkaan-sterkte weerstaan.

Netso sal iemand wat in Christus verankerd is deur geen dwalinge en valse leer ontwortel word nie.

Waarom is daar in ons tyd so baie ontwortelde mense wat heen en weer gewaai word deur allerlei dwalinge? Dis omdat hulle Christus nie in hulle lewe het nie. Iemand wat nie in Christus gewortel is nie is soos 'n boom met 'n swak wortelstelsel wat ligtelik deur elke wind van vreemde ideologieë omgewaai word. Daarom is dit nodig dat ons elke dag aan ons verhouding met Christus werk in die daaglikse bekering, in die vertroeteling en versorging van die wortels van die boom. Onthou, elke boom wat nie in Christus gewortel is en vrug dra nie, sal uitgekap en in die vuur gegooi word (vgl. Matt 3:10).

Hoe meer die Heilige Gees in ons werk, hoe meer sal ons in lewensgemeenskap met Christus leef en sal die diepgewortelde boom meer vrugte dra tot verheerliking van God.

Eenmaal sal almal wat in Christus gewortel is, oorgeplant word in die tuin waar die boom van die lewe staan en twaalf keer per jaar sy vrugte lewer (Op 22:2).

Sing: Psalm 1:2 — Ds. G.A. Hattingh (Johannesburg-Melville)